

DIE LANDSDIENSBEWEGING

Geskiedenis

Die Landsdiensbeweging is in 1914 gestig as 'n staatsondersteunde beweging wat daarop ingestel was om die jeug aan beter landboumetodes bekend te stel. Dit het sy ontstaan te danke aan mnr. D. Stone wat 'n bedrag van R200 aan die Departement van Landbou geskenk het. Die geld moes as prys aan die kinders wat die grootste mielie-opbrengs op 'n halfmorg produseer, toegeken word. Die kompetisie het al hoe gewilder geword en geleid tot die ontstaan van Landbouklubs en die aanstel van voorligtingsbeamptes. Dit was aan die begin hoofsaaklik op skoolgaande jeugdiges gemik, maar het later uitgebrei na naskoolse jeug. In 1939 en 1940 is die Landbouklubs in 'n volwaardige jeugbeweging omskep.

In September 1968 is die Landsdiensbeweging vanaf die Departement van Landbou na die Departement van Kultuursake oorgeplaas. In 1970 is die Departement van Hoër Onderwys en die Departement van Kultuursake verenig as die nuwe Departement van Nasionale Opvoeding. Die Landsdiensbeweging het onder die tak Kultuurbevordering van hierdie departement gevall. Die fokus het al hoe meer verskuif vanaf landbou na die omgewing (natuur en kultuur). In die 1970's het die Beweging baie gegroei met die stigting van beskerm- en skakelkomitees. 'n Ander kenmerk van hierdie tyd was die beplanning van Landsdiensaktiwiteite rondom 'n spesifieke tema.

In 1987 is die eerste stap in die demokratiseringsproses van die Landsdiensbeweging geneem. Dit is eers van 1995 wat die Landsdiens waarlik as 'n onafhanklike jeugbeweging beskou kan word. 'n Hoofbestuur is gevorm en die land is in verskillende streke ingedeel, elk met hul eie bestuur. Vandag is die Landsdiensbeweging nogsteeds 'n omgewingsgerigte jeugorganisasie wat die jeug tot verantwoordelike landsdburgers lei d.m.v. klubaktiwiteite en kampe en om lewenslank die vier liefdes van Landsdiens uit te leef: liefde vir die Skepper, liefde vir die medemens; liefde vir die omgewing en liefde vir arbeid.

Argiefgroep

Die Landsdiensargiefgroep is aan die begin van 2016 aan die Erfenisstigting (ES) gegee vir veilige bewaring. 'n Bedrag van R10 000 is aan die ES betaal vir die sortering en ontsluiting van die groep. Om die groep logies te sorteer was besluit om die dokumente in 4 groepe te verdeel. Dit is verdeel in die 4 verskillende departemente waaronder die Beweging bestuur was (Dept van Landbou, Dept. van Kultuursake, Dept. van Nasionale Opvoeding en die demokratiseerde era). Deur dit so te verdeel is 'n tydlyn duidelik sigbaar. Die sorteringsproses is begin deur al die bokse en lêrs met die dokumente op 'n groot werksopervlak uit te pak. Die

dokumente is toe in die verskillende departemente verdeel. Een departement op 'n slag is toe verder verdeel in temas bv. notules, sangbundels, kampe ens. Met die demokratiseringsafdeling is die dokumente verdeel in 'Hoofbestuur' en 'Streke / Provinsies'. Elke streek / provinsie vorm hul eie groepie.

Dit is duidelik dat die argiefgroep onvolledig is. Aan die begin van die groep, onder die Dept. van Landbou, is daar baie meer dokumente oor die bedrywighede in die Noord-Kaap. Na 1995 is dit opvallend dat daar dokumentasie van verskeie streke ontbreek. Daar is baie meer dokumente van die Noord-Wes en die Jakaranda streek en min van Limpopo, Mpumalanga, die Oos-Kaap en die Suid-Kaap.

Aan die einde van die groep is die liedjies en foto's geplaas onder die afdeling 'Allerei'. Die datums van die liedjies en foto's strek oor die hele bestaan van die beweging en dit is moeilik om 'n datum daaraan te koppel.